Wandel met Jesus

‘n 12 Weke Christen tot Dissipel Opleidingskursus

Deur Dr. Edward (Ed) Gross
Koördineerder van International Discipleship Renewal
CityNet Ministries – Posbus 37, Glenside, PA 19038

ed.gross@comcast.net
www.disciplesgo.com

CityNet Ministries Discipleship Team

‘n 12 Weke Christen tot Dissipel Opleidingsprogram

Dr. Ed Gross - Koördineerder van Internasionale Dissipelskapshernuwing

Amerikaanse Christene en hulle kerke sukkel om die vrug van dissipelmakingsbewegings (DMBs), wat tans wêreldwyd floreer, te ervaar. Hoekom? Ná jare van dissipelskapsbediening in Afrika en die VSA, stel ek voor dat die volgende 10 struikelblokke Amerikaanse Evangeliese kerke daarvan weerhou om DMBs in hulle lewens en konteks te sien:

- Die teenwoordigheid van 'n verwesterde evangelie wat haas om mense tot 'n belydenis van geloof te bring, maar hulle dikwels steeds onder die krag van sonde laat.
- Die doel van sodanige geloofsbelydenis verwar dikwels die “belydenis” van sonde met “bekering” [as ‘n wegdraai van sonde] en laat dus baie "bekeerdes" onbekeerd.
- 'n Verandering van die groot opdrag "maak dissipels" na "maak Christene." Baie Amerikaanse Christene verstaan nie die Bybelse betekenis van "dissipel" nie.
- Die keuse van 'n "Christelike lewe" wat die realiteit van Jesus se teenwoordigheid en sy eise van gehoorsaamheid aan sy dissipels prakties ontken.
- Die vervanging van "volg My" met "gaan kerk toe" en die aanvaarding van die godsdienstige kultuur van sodanige kerk as leefwyse.
- Die oorintellektualisering van Christenskap, dikwels deur middel van prediking, persoonlike Bybellees, Bybelsstudies, klasse en boeke wat die klem eensydig plaas op die verkryging en vermeerdering van kennis, eerder as gehoorsaamheid.
- Die funksionele ontkenning van die noodsaaklike rol van die Heilige Gees in die daaglikse lewens van gelowiges.
- Die vrees om eerlik te wees met ander Christene oor ons worstelinge.
- Die verkeerde aanname dat al ons gevestigde Christelike tradisies, positiewe en goeie ontwikkelinge is en meewerk tot die opbou van ons geloof en geestelike groei.
- Die opkoms van 'n geestelike klas wat nie leke lidmate vertrou of oplei om dissipels te wees wat dissipels maak nie.

Ons opleiding wil Christene help om ware dissipels te word wat dissipels maak en kerke help om 'n hernuwing van Bybelse dissipelskap te ervaar.

12 Weke Christen tot Dissipel Opleidingsprogram

Maandelikse Oorsig

Maand 1 - BEKEER - Die eerste en fundamentele opdrag wat ons moet gehoorsaam

Maand 2 - BID - Die bonatuurlike asem en gees van ons lewe

Maand 3 - GAAN - Die vloei en werking van God se reddende liefde deur ons

Weeklikse Oorsig

Week 1	Bekering en ons Gedagtes
Week 2	Bekering en ons Emosies
Week 3	Bekering en ons Woorde
Week 4	Bekering en ons Dade
Week 5	Gebed en die Heilige Gees
Week 6	Gebed en die Koninkryk van God
Week 7	Gebed en die Groot Opdrag
Week 8	Gebed en sy Vrugte
Week 9	Gaan met 'n Bedieningsgenoot om 'n Persoon van Vrede te dissipel (PvV)
Week 10	Gaan na 'n Persoon van Vrede (PvV)
Week 11	Gaan na 'n Christen PvV
Week 12	Gaan na 'n Nie-Christen PvV

Inleiding tot die 12 week Christen tot Dissipel opleiding

- Ons noem dit "Nuwe Testamentiese" dissipelskap, want ons wil in nederigheid die model van Jesus volg soos in die Nuwe Testament geopenbaar.
- Net soos die model nie elke keer identies herhaal is deur die Vroeë Kerk nie, so kan dit doelmatig aangepas word in vandag se konteks.
- Ons wil egter nederig voorstel dat die volgende 10 "kern" Bybelse elemente minstens gehandhaaf moet word om getrou te wees aan die model van Jesus:[1]

  - ✓ Jesus
  - ✓ Dissipels volg Jesus
  - ✓ "Bekeer julle en glo die evangelie"
  - ✓ "Geloof wat deur die liefde werk"
  - ✓ Gebed
  - ✓ Gaan
  - ✓ Ontvangs
  - ✓ Praat (getuig)
  - ✓ Genesing
  - ✓ Opleiding

- Hierdie dissipelskapsopleiding fokus op die opleiding van dissipels met die doel om dissipels te vermeerder en dat hierdie dissiples nuwe dissipels sal oplei volgens Jesus se model. Dissipelskap kan geensins as suksesvol beskou word tensy die dissipels deurlopend vermeerder nie.

- Die Groot Opdrag is om dissipels te maak. Dit kan ook moontlik lei tot kerkplanting. Bestaande kerke kan hernu word deur NT Dissipelskap, maar waar daar nie ontvanklike, bestaande kerke is nie, sal nuwe kerke geplant moet word. NT Dissipelskap kan die beste floreer in die konteks van armoede, vervolging en lae vlakke van opvoeding. Vir voorbeelde hiervan, kyk na die Nuwe Testament asook *Miraculous Movements* deur Jerry Trousdale en *Contagious Disciple Making* deur D & P Watson.

[1] Alles wat Jesus met Die Twaalf gedoen het, was deel van hulle dissipelskapsopleiding. As deel van hulle opleiding, het Hy hulle op sendings uitgestuur. Die volgende teksgedeeltes wys waarvoor Hy hulle op sendings gestuur het: Mat 10:1-15; 10:16-42; 28:16-20; Mark 6:7-13; 16:14-20; Luk 9:49-50, 9:51-56, 57-62; 10:1-20; 24:36-49; Joh 20:19-23; 21:15-23. Lees ook hoofstuk 7 van *Disciples Obey*.

Die 10 kern elemente van Nuwe Testamentiese Dissipelskap

1. **Jesus** - is altyd die middelpunt. Sy teenwoordigheid is beide werklik en noodsaaklik. Sy Naam is kragtig. Alles moet in Sy naam gedoen word met die wete dat Hy werklik by ons is. Sonder Hom kan ons niks doen nie.[2]
2. **Dissipels volg Jesus** - Ons kan nie van ander maak wat ons self nie is nie. Ons moet Jesus volg sodat ons ander kan lei in hoe om dieselfde te doen. Dit is noodsaaklik om, deur die krag van die Heilige Gees, totaal onderdanig en eksplisiet gehoorsaam te wees.[3]
3. **"Bekeer julle en glo die evangelie"** – Hierdie is die eerste woorde wat Christus beveel het om gepreek en gedoen te word. Beide is noodsaaklik. Bekering klink soos belydenis en lyk soos die volging van Jesus. Geloof begin en eindig altyd met ons verbintenis (eenheid) aan Jesus se lewe, dood en opstanding - deur die Gees. Die eerste vier weke word gewy aan bekering en geloof.[4]
4. **"Geloof wat deur die liefde werk"** – So beskryf Paulus ware geloof (Gal 5:6). Jesus het 'liefde' die belangrikste ding in die lewe gemaak. Dissipelskap sonder liefde is nie Jesus se model nie. Sy een groot gebod is dat ons mekaar moet liefhê en aan die hand hiervan kan al Sy ware dissipels uitgeken word (Mat. 22:36-40; Joh. 13:34-35; 15:12).[5]
5. **Gebed** - is die wyse waarop 'n dissipel saam met Jesus wandel. Dit is om aanhoudend te bid, sonder om tou op te gee en biddend in die Gees te wees. Dit is deur gebed dat dissipels leer waarheen en hoe om te gaan. Vier weke word daaraan gewy om gebed die patroon en krag van ons lewens te maak.[6]
6. **Gaan** - is die eerste optrede van die Groot Opdrag en soos in Lukas 10, volg dit op gebed. Om te gaan impliseer om te verlaat. Die eerste dissipels "het hulle nette laat staan" en " hulle pa in die boot gelaat." Ons moet in totale vertroue gaan, sonder om van geld afhanklik te wees. Ons moet risiko's neem en uit ons gemaksone beweeg. Die laaste vir weke fokus hierop. [7]
7. **Ontvangs** - word deur Jesus belowe. As ons Hom volg, lei Hy ons na mense van vrede. Dit is voorbereide en ontvanklike mense. Daarom moet ons biddend en waaksaam wees oor na wie ons gaan. Slegs die mense wat deur God getrek word en deur die Heilige Gees geleer word, sal na Jesus kom.[8]
8. **Praat** (getuig) - Ons spreek "vrede" oral waar ons gaan, in die verwagting dat mense van vrede aan ons geopenbaar sal word. Ons deel die werklikheid van God se Koninkryk [heerskappy] in Jesus en die "Evangelie van die Koninkryk." Ons moet gereed wees om diegene te waarsku wat Christus verwerp.[9]
9. **Genesing** - is verwarrend vir Christene. Jesus het egter belowe om genesing te bring deur Sy gestuurdes. Genesing en hulp aan ander kan help om wonderlike deure oop te maak. Ons benodig geloof om in die Skrif te glo en wat dit oor genesende gebed sê.[10]
10. **Opleiding** - deur verhoudings. Dit is hoe dissipels gemaak en vermeerder word.[11]

---

[2] Lees Disciples Obey (DO) hfst 5, pp 113-135
[3] Lees Are You a Christian…? (RU?) hfst 9 & 11 and Disciples Obey (DO) hfst 2 & 7
[4] Lees RU? hfst 6,7 & 8 en DO hfst 8
[5] Lees RU? pp 238-242 en DO hfst 3
[6] Sien 1 Tess 5:17; Kol 4:2; Luk 18:1; Ef 6:18; Lees Miraculous Movements(MM) hfst 3; Contagious Disciple Making (CD) hfst 12; RU 311-312
[7] Lees RU? pp 252-257. CD hfst 14
[8] Lees RU? hfst 15; MM pp 95-97, 182-183, 190-192
[9] Sien Mat 10:14-15; Luk 10:10-12; Hand 13:51; 18:6; Lees CD pp 138-139.
[10] Sien Mar 6:13; Luk 10:9; Joh 14:12-14; Hand 4:24-30; Jak 5:13-15; Lees MM hfst 5 & 8; DO pp 114-122
[11] Read RU? hfst 15; MM hfst 6 & 13; CD hfst 15 & 18

Wandel met Jesus

'n 12 Week Dissipelskap Opleiding Ondervinding

Al wat jy nodig het om die lewe van 'n dissipel te begin, is...

- Geloof in Jesus as jou teenwoordige Verlosser, Here en Gids
- Die wil om jouself te "verloën, jou kruis op te neem en Hom te volg"
- 'n Geloofsgenoot saam met wie jy jou weeklikse OBS (Ontdekkingsbybelstudie) kan doen
- 'n Joernaal om jou daaglikse wandel aan te teken (merk met 'n X op 'n daaglikse gids)
- Die gewilligheid om oor die daaglikse teksgedeeltes na te dink (mediteer)
- Die gewilligheid om daagliks die leeswerk uit die bybel te doen
- 'n Begeerte om drie keer per dag te bid (merk met X op gids)
- 'n Bybel en die volgende NT Dissipelskapshandleidings:

    - ✓ *Are You a Christian or a Disciple?* (Ed Gross) *[Primêre bron]*
    - ✓ *Disciples Obey* (Ed Gross)
    - ✓ *Let Love Win through YOU* (Ed Gross)
    - ✓ *Miraculous Movements* (Jerry Trousdale)
    - ✓ *Contagious Disciple Making* (D & P Watson)

- 'n Daaglikse oorgawe van jou lewe aan die persoon en die krag van die Heilige Gees van God

E-pos - ed.gross@comcast.net
Facebook - Ed Gross
Facebook-groep - Love Works
www.disciplesgo.com

Week 1 - Bekering en ons Gedagtes

Dissipels moet elke dag leef met die doel om nooit toe te laat dat enigiemand of enigiets tussen hulle en Jesus kom nie. Mediteer dus oor die daaglikse vers en wandel die hele dag daarin. Drie tye vir verlengde gebed (oggend middag en aand -Psa 55:17) sal help om te keer dat ons gedagtes rigtingloos wegdwaal van Jesus af. Merk die gebedsruimte drie maal per dag met [x]. Lees die boekdele deur die loop van die week en teken betekenisvolle indrukke aan in jou joernaal, saam met die belangrike lesse geleer, belydenisse, kontakte, oomblikke waar jy deur die Gees aangespreek is en jou reaksie daarop - hetsy in gehoorsaamheid of in ongehoorsaamheid. Alle gehoorsaamheid is "die gehoorsaamheid van die geloof" wat roep om Jesus se volmaaktheid en hulp te midde van ons konstante onvolmaaktheid. Woon die weeklikse DBS-studie by wat, onder leiding staan van die dissipelmaker, fokus op die aangewysde teksgedeelte. Jou oorheersende gedagte in week 1 = **Wat dink ek?**

Dag	**Teks Verse**	**Leeswerk**	**Gebed**			**Joernaal**
			O-x	M-x	A-x	x
Ma	Jos 1:6-8	Matt 5	___	___	___	___
Di	Ps 1:1-3	Matt 6	___	___	___	___
Wo	Jes 26:3-4	Matt 7	___	___	___	___
Do	Rom 12:1-2	1 Kor 13	___	___	___	___
Vry	Fil 4:8	Gal 5:16-26	___	___	___	___
Sat	Heb 12:1-2	Ef 6:10-20	___	___	___	___

Son 1 Kron. 28:9-10; Rom 1:28; 8:5-6; Fil 3:19-20; 1 Pet 1:13-14; 4:7

Memoriseer: 2 Kor 10:5

OBS teks vir week 1- Genesis 6:5-8

Opsionele Leeswerk: Voetnota 1

Week 2 - <u>Bekering en ons Emosies</u>

Soos week 2 begin, voeg jy toe tot die lewensverandering wat die Gees reeds in jou bewerk het tydens die eerste week. Elke week is dus kumulatief - 'n ware opbouproses.

Week 2 fokus op ons emosies en om elke emosie te verbind met ons lewe in Christus. Liefde troef alle emosies en moet tot in die hoogste mate in ons heers. Weereens moet jy, met die hulp van die Gees, elke oomblik daarteen waak dat niks en niemand tussen jou en Jesus (vir wie jy volg) kom nie. Saam met die emosies kom die dissipel se plig om te vergewe. Bestudeer vergifnis en besef dat jy nie kan vergewe as jy nie liefhet nie. Word gevul met die Gees, en Sy liefde, en jy sal vergewe en aanbeweeg. Jou oorheersende gedagte in week 2 = **Wat voel ek?**

<u>Dag</u>	**<u>Teks Verse</u>**	**<u>Leeswerk</u>**	**<u>Gebed</u>**			**<u>Joernaal</u>**
			O-x	M-x	A-x	x
Ma	Ps 126:1-6	Matt 5	___	___	___	___
Di	Matt 22:37-40	Matt 6	___	___	___	___
Wo	Luk 12:13-21	Matt 7	___	___	___	___
Do	Ef 4:31-32	1 Kor 13	___	___	___	___
Vry	Fil 4:6-7	Gal 5:16-26	___	___	___	___
Sat	1 Pet 5:5-9	Ef 6:10-20	___	___	___	___

Son Deut 6:4-8; Spr 6:23-29; 16:32; Joh 13:34-35; Gal 5:22-23

Memoriseer: Spreuke 4:23

OBS teks vir week 2 - Genesis 22: 1-19

Opsionele Leeswerk: Voetnota 2

Week 3 - Bekering en ons Woorde

Gedurende week 3 behoort jy bewus te word van ware groei. Deur te erken dat Jesus die Here is van jou emosies en dat die liefde jou emosies moet lei, sal jy van baie emosionele sondes bevry word. 'n Uitstekende boek om in hierdie verband te lees is *Emotionally Healthy Spirituality* deur Dr Peter Scazzero.

Hierdie week kyk ons na ons woorde. Ons is volgens God se beeld gemaak, met die vermoë om te kommunikeer. Wat ons met ons woorde doen, maak baie saak. Die Gees wil jou verbale getuienis help. By al nege geleenthede waar die dissipels in Handelinge met die Gees vervul is, is hulle gelei om te praat. Aanbidding, lofprysing, gebed, getuienis, aanmoediging en teregwysing vloei voort wanneer die Gees ons vul. Ons behoort daagliks so gevul te word. Jou oorheersende gedagte vandeesweek behoort te wees: **Wat sê ek?**

Dag	Teks Verse	Leeswerk	Gebed			Joernaal
			O-x	M-x	A-x	x
Ma	Ps 12:1-4	Matt 5	___	___	___	___
Di	Ps 34:1; 141:3-4	Matt 6	___	___	___	___
Wo	Spr 15:1,2,4,7,28	Matt 7	___	___	___	___
Do	Mat 12:33-37	1 Kor 13	___	___	___	___
Vry	Jak 3:1-12	Gal 5:16-26	___	___	___	___
Sat	1 Pet 3:13-16	Ef 6:10-20	___	___	___	___

Son Spr 13:3; Ef 4:25,29; Heb 13:15; Jak 4:11-17; 1 Pet 3:8-12

Memoriseer: Matt 12:36

OBS teks vir Week 3 - Eksodus 20:1-21

Opsionele Leeswerk: Voetnota 3

Week 4 - Bekering en ons Dade

Bekering het beide klank en beeld. Die klank van bekering is, “Here vergewe my!”. Die beeld van bekering is “volg My”. Bekering draai ons om en lei ons in 'n heeltamal ander rigting. Die oproep tot dissipelskap stel die eis, "As iemand my wil volg, moet hy homself verloën..." Dit behels jou gedagtes, jou emosies, jou woorde en jou dade. Dissipels kan nie doen wat hulle wil nie of wat van nature reg voel nie. Dissipels sterf aan hulself en neem die kruis op waarna Jesus hulle lei. As liefde die beginsel is wat ons lewens rigting gee dan kan ons uit die gelykenis van die barmhartige Samaritaan leer hoe liefde moet lyk. Wie is my naaste? Aan wie moet ek liefde bewys? "Gaan en doen dieselfde!" Wees lief vir jou naaste soos jouself. Jou oorheersende gedagte hierdie week behoort te wees: **Wat doen ek?**

Dag	**Teks Verse**	**Leeswerk**	**Gebed**			**Joernaal**
			O-x	M-x	A-x	x
Ma	Ps 15:1-5	Matt 5	___	___	___	___
Di	Mig 6:6-8	Matt 6	___	___	___	___
Wo	Mat 7:9-12	Matt 7	___	___	___	___
Do	Ef 2:8-10	1 Kor 13	___	___	___	___
Vry	Kol 4:5-6	Gal 5:16-26	___	___	___	___
Sat	Jak 1:22-27	Ef 6:10-20	___	___	___	___

Son Deut 30:11-20; Josh 1:8; Matt 7:15-27; Joh 13:12-17; Rom 6:8-18

Memoriseer: Jakobus 2:26

OBS vir week 4 - Matteus 4:1-11

Opsionele Leeswerk: Voetnota 4

Week 5 - Gebed en die Heilige Gees

Die enigste manier waarop 'n dissipel Christus se bevel: “volg My!" ná sy hemelvaart (sien Joh 21:19-22) kan vervul, is deur gebed. Dit is omdat Jesus nie meer fisies self hier is om ons te lei nie. Dit is hier waar die Heilige Gees dus noodsaaklik is. Hy help ons om Jesus te volg. Hy help ons wandel deur geloof en nie deur sig nie. Hy gee geloof en versterk dit in ons. Sy werk is so belangrik dat Jesus, nadat hy die elf Apostels vir ‘n paar jaar persoonlik voorberei het, vir hulle gesê het dat Sy opleiding nie genoeg is nie! Hulle moes in Jerusalem wag totdat Hy en die Vader, die Heilige Gees op hulle uitgestort het. Hulle was gehoorsaam en het vir tien dae in konstante gebed gewag (Hand 1:14). Die Gees kom dikwels wanneer ons vir Hom in gebed vra (Luk 11:13; Hand 4:31). Jou dominante gedagte vandeesweek: **Gees van God, help my om sonder ophou te bid.**

Dag	Teks Verse	Leeswerk	Gebed			Joernaal
			O-x	M-x	A-x	x
Ma	Luk 11:9-13	Matt 5	___	___	___	___
Di	Hand 1:8; 5:32	Matt 6	___	___	___	___
Wo	Joh 14:16,17; Joh 16:7	Matt 7	___	___	___	___
Do	Rom 8:12-17	1 Kor 13	___	___	___	___
Vry	Rom 8:22-27	Gal 5:16-26	___	___	___	___
Sat	Judas 20-21	Ef 6:10-20	___	___	___	___

Son Ef 1:15-17; 2:18; 3:14-16; 5:18; 6:10-18

Memoriseer: 1 Tess 5:17

OBS vir week 5 - Johannes 3:1-21

Opsionele Leeswerk: Voetnota 5

Week 6 - Gebed en die Koninkryk van God

Die koninkryk of heerskappy van God was 'n algemene tema in die Ou Testament. Die Jode het gesmag na die heerskappy van God op aarde, wanneer al die nasies na die Here sal draai en na Jerusalem sal kom om te aanbid. Jesus verander al hierdie denke deur nie op die uiterlike politieke struktuur te fokus nie, maar op die innerlike geestelike aard van God se heerskappy (sien Joh 4:19-24). Sy heerskappy word gekenmerk deur liefde soos dit geopenbaar is in Sy Bergrede (Mat 5-7) en gelykenisse van die koninkryk. Wanneer ons berou het en ons lewens heeltemal (al is dit nie perfek nie) aan Jesus oorgee, is Sy heerskappy gevestig in ons. Ons sien hoe Sy Koninkryk kom wanneer dit bevorder word in die harte van mans, vrouens of kinders wanneer hulle hulself oorgee aan Jesus en Sy Gees. Jou dominante gedagte vandeesweek: **Vader, bevorder jou seun se Koninkryk van liefde deur my vandag.**

Dag	Teks Verse	Leeswerk	Gebed			Joernaal
			O-x	M-x	A-x	x
Ma	1 Kron 29:10-12	Matt 5	___	___	___	___
Di	Ps 145:9-13	Matt 6	___	___	___	___
Wo	Mat 5:3, 10, 19-20, 43-44	Matt 7	___	___	___	___
Do	Mat 6:5-15, 33	1 Kor 13	___	___	___	___
Vry	Luk 11:1-4	Gal 5:16-26	___	___	___	___
Sat	Luk 11:5-10	Ef 6:10-20	___	___	___	___

Son Mat 13:19-23; 24-30; 31-32; 44-46; 47-50

Memoriseer: Rom 14:17-18

OBS vir week 6 - Johannes 4: 1-26, 39-42

Opsionele Leeswerk: Voetnota 6

Week 7 - Gebed en die Groot Opdrag

Jesus het gesê: “Kom hier! Kom saam met My, en Ek sal julle vissers van mense maak.” (Mat 4:19). Neem in ag dat ons vir Jesus moet volg voordat ons ander kan ‘red.’ Dit behels nie net dat ons Hom bestudeer of oor Hom lees nie, ons moet ook ophou om ander dinge en mense te volg, en alleen agter Jesus aanloop. Jesus is die groot voorbeeld, die groot dissipelmaker en Hy was die groot bidder. Hy het in die tuin en op die kruis vir ons gebid. Terwyl Hy dié wat verlore was uitgesoek en gered het, het hy ‘n biddende lewe gelei. Niemand kan 'n dissipel van Jesus wees sonder om te bid nie. Niemand kan deel hê daarin om mense te red sonder om te bid nie . Gebed kom voor ‘om te gaan.’ Daardeur weet ons waar en wanneer om te gaan om mense van vrede te vind - wie ons dissipels moet maak. Die gebed wat jy hierdie week voortdurend moet herhaal is: **Here wat God is oor oes, stuur my om vandag in U lande te werk.**

Dag	**Teks Verse**	**Leeswerk**	**Gebed**			**Joernaal**
			O-x	M-x	A-x	x
Ma	Jes 6:1-10	Matt 5	___	___	___	___
Di	Mark 9:14-29	Matt 6	___	___	___	___
Wo	Luk 10:1-2	Matt 7	___	___	___	___
Do	Luk 22:39-46	1 Kor 13	___	___	___	___
Vry	Hand 3:1-10	Gal 5:16-26	___	___	___	___
Sat	Ef 6:19-20	Ef 6:10 - 20	___	___	___	___

Son Hand 2:42-47; 4:31; 6:4; 13:1-3; 16:6-10

Memoriseer: Matt 28:18-20

OBS vir week 7- Markus 5:1-20

Opsionele Leeswerk: Voetnota 7

Week 8 - Gebed en Vrugte

Jesus het groter beloftes met betrekking tot gebed gemaak as oor enigiets anders. As ons mooi kyk na daardie verse dan sien ons dat dit aan Sy dissipels gerig is. Kan dit die rede wees waarom soveel Christene voel dat hulle spesifieke gebede nie beantwoord word nie? Miskien is hulle nie Sy ware dissipels van liefde nie, en daarom is hulle nie geregtig tot hierdie beloftes (met betrekking tot gebed) wat Jesus gegee het aan diegene wat hulleself verloën, hulle kruis opneem en Hom volg nie. Neem kennis dat Sondag se leesstukke van sewe beloftes, met betrekking tot gebed, vertel wat Jesus in die bo-kamer aan Sy dissipels gegee het. As 'n dissipel mag JY hierdie gebede met vertroue en vrymoedigheid bid. Die gedagte wat jy hierdie week nie te veel kan herhaal nie, is: **Here, leer ons bid.**

Dag	**Teks Verse**	**Leeswerk**	**Gebed**			**Joernaal**
			O-x	M-x	A-x	x
Ma	Deut 4:7	Matt 5	___	___	___	___
Di	2 Kron 7:14	Matt 6	___	___	___	___
Wo	Mat 5:44; 6:5-7, 9; 14:23; 21:13,21-22	Matt 7	___	___	___	___
Do	Mark 1:35; 6:46; 14:32-42	1 Kor 13	___	___	___	___
Vry	Luk 6:27-28; 9:28-29; 18:1, 10; 21:36; 22:31-32	Gal 5:16-26	___	___	___	___
Sat	Joh 17: 1-26	Ef 6:10-20	___	___	___	___

Son Joh 14:12-14; 15:7, 16; 16:21-24

Memoriseer: Fil 4: 6-7

OBS vir week 8 - Johannes 11:1-44

Opsionele Leeswerk: Voetnota 8

Week 9 – Vind ‘n Bedieningsgenoot

Dwarsdeur die Woord van God, word ons aangeraai en beveel om eerder nie alleen nie, maar saam as twee of drie, dinge te doen. Daar is veiligheid in getalle. Dinge soos wysheid, ‘n bron van raad, gebed, kameraadskap en aanspreeklikheid bestaan slegs as ons iets saam met ander doen. Jy sal sien dat wanneer die Evangelieskrywers die apostels opnoem, hulle altyd twee-twee aanmekaar koppel. Elkeen het 'n vennoot. Jesus het hulle twee-twee uitgestuur. Vind ‘n persoon, van dieselfde geslag, saam met wie jy dissipels kan maak. Iemand met dieselfde geloof en toewyding om te gaan as wat jy het. Iemand wat jy kan oplei sodat hulle weer ander kan oplei en sien hoe die Koninkryk vermeerder, soos Jesus dit bedoel het. Jy moet hierdie week voortdurend bid: **Jesus, wys my saam met wie ek moet gaan om dissipels te maak.**

Dag	Teks Verse	Leeswerk	Gebed			Joernaal
			O-x	M-x	A-x	x
Ma	1 Sam 20	Matt 5	___	___	___	___
Di	Mat 10:5-15	Matt 6	___	___	___	___
Wo	Mark 6:7-13	Matt 7	___	___	___	___
Do	Luk 9:57-62	1 Kor 13	___	___	___	___
Vry	Luk 10:1-12	Gal 5:16-26	___	___	___	___
Sat	Mat 28:16-20	Ef 6:10-20	___	___	___	___

Son Gen 2:18; Deut 19:15; Pred 4:9-12; Mat 18:15-17; 18:20; Hand 11:25-26; 1 Tim 5:19; Heb 10:28

Memoriseer: 2 Tim 2:1-2

OBS vir week 9 - Markus 13:32-42

Opsionele Leeswerk: Voetnota 9

Week 10 - Gaan na 'n persoon van Vrede

Ons het geleer om in gebed na God te verwys as "die Here van die oes." Hy weet wie uitverkies is. Jesus het gesê: “Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie na My toe trek nie…” (Joh 6:44). Almal is nie ontvanklik nie en ontvanklikheid is die sleutel om persone van vrede te vind (sien Joh 1:11-12; Mat 10:40-42). Jesus waarsku ons: “Moenie wat heilig is, vir die honde gooi nie: hulle sal omspring en julle verskeur; en moenie julle pêrels voor die varke gooi nie: hulle sal dit met hulle pote vertrap.” (Mat 7:6). Ons moet dus so “versigtig soos slange en opreg soos duiwe” wees. Ons moet pasop (Mat 10:16-17). Hierdie waarskuwing is aan hulle gegee toe hulle uitgestuur is om die Evangelie van die koninkryk te verkondig. Die geheim agter die sukses van DMMs (dissipelmakingsbewegings) wêreldwyd, is die verbintenis met 'n persoon van vrede. Jou konstante gebed hierdie week: **Here, God van oes, stuur vir my 'n persoon van vrede.**

Dag	**Teks Verse**	**Leeswerk**	**Gebed**			**Joernaal**
			O-x	M-x	A-x	x
Ma	Joh 1:35-42	Matt 5	___	___	___	___
Di	Joh 1:43-51	Matt 6	___	___	___	___
Wo	Joh 4:39-42	Matt 7	___	___	___	___
Do	Mark 2:13-17	1 Kor 13	___	___	___	___
Vry	Hand 19:1-7	Gal 5:16-26	___	___	___	___
Sat	Hand 28:1-10	Ef 6:10-20	___	___	___	___

Son Matt 10:11-16; Mark 6:8-11; Luk 10:5-12

Memoriseer: 1 Tess 1:6-7

OBS vir week 10 - Lukas 10:1-16

Opsionele Leeswerk: Voetnota 10

Week 11 - Gaan na 'n Christelike Persoon van Vrede

Alle NT-dissipels smag daarna dat hulle vermeerder. Toe Jesus hulle uitgestuur het, het Hy vir hulle gesê: "Julle het dit verniet ontvang, gee dit ook verniet" (Mat 10:8b). Toe hulle uitgestuur is, het hulle eers na die Jode toe gegaan. Dit het beteken dat hulle in die sinagoges by die wetsgetroue Jode begin het. Selfs 'n hooggeagte rabbi soos Nikodemus moes wedergebore word. Daar is baie evangeliese Christene wat nog nooit vir Jesus volgens Sy terme aanvaar het nie. Hulle het nog altyd hulle eie voorwaardes in gedagte, naamlik om hemel toe te gaan en die hel te vermy. Christene van alle kleure en geure moet dissipels gemaak word. Hy het nie gesê: "Gaan maak bidders, kerkgangers, koorlede, Bybel-lesers, sopkombuis-leiers, mense wat hulle tiendes gee, ouderlinge, dominees of diakens" nie (al is hierdie goeie dinge). Hy het gesê: "Gaan en maak dissipels." 'n Mens kan een of al die bogenoemde dinge wees sonder om 'n dissipel van Jesus te wees! Herhaal hierdie gebed: **Jesus, maak van elke Christen 'n dissipel en van elke dissipel 'n dissipelmaker.**

Dag	Teks Verse	Leeswerk	Gebed			Joernaal
			O-x	M-x	A-x	x
Ma	Joh 1:40-42	Matt 5	___	___	___	___
Di	Joh 3:1-10	Matt 6	___	___	___	___
Wo	Hand 10:1-8, 30-48	Matt 7	___	___	___	___
Do	Hand 16:13-15	1 Kor 13	___	___	___	___
Vry	Hand 17:1-9	Gal 5: 16-26	___	___	___	___
Sat	Hand 18:1-11	Ef6:10-20	___	___	___	___

Son Rom 1:14-18; 9: 1-5; 10:1-4

Memoriseer: Joh 4:35

OBS vir week 11 - Lukas 24:1-35

Opsionele Leeswerk: Voetnota 11

Week 12 - Gaan na 'n Nie-Christelike Persoon van Vrede

Elke dissipel het daarna gesmag om 'n dissipelmaker te wees. Hulle het gewag tot hulle rabbi (dissipelmaker) gesê het: "Jy is gereed. Nou, gaan heen en maak dissipels. " Ons Rabbi, Jesus, die ewige Seun van God, het bepaal dat Sy Koninkryk eerder deur dissipels van vrede uitgebrei sal word, as om druk op mense te plaas. Hy het gesê “Vrede vir julle… Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook” (Joh 20:21). Die enigste manier hoe hardkoppige rebelle vredevolle dissipels kan word, is as God hulle harte oopmaak. Hy belowe dat Hy dit sal doen en dat Hy jou na hulle sal lei as jy Lukas 10:1 volg. Eerstens moet jy bid dan moet jy gaan – waar jy ookal gaan, moet “julle eerste woorde wees: ‘Vrede vir hierdie huis.’” As daar ‘n persoon van vrede is, sal daar ‘n konneksie wees. Indien nie, sal die vrede na julle toe terugkom (Luk10:6). Indien iemand ontvanklik is, vra hierdie persoon van vrede die vraag: “Wil jy self uitvind wie God is, en hoe Hy wil hê jou lewe moet lyk?” As hulle ja sê, begin ‘n OBS (ontdekkings Bybelstudie) met hulle. Bid hierdie week: **Heilige Gees, vul my om in liefde uit te gaan. Verbind my met ‘n persoon van vrede totdat ek dissipels van hulle kan maak.**

Dag	Teks Verse	Leeswerk	Gebed			Joernaal
			O-x	M-x	A-x	x
Ma	Mat 10:16-42	Matt 5	___	___	___	___
Di	Matt 15:21-28	Matt 6	___	___	__	___
Wo	Hand 16:22-40	Matt 7	___	___	___	___
Do	Hand 17:16-34	1 Kor 13	___	___	___	___
Vry	Kol 4:5-6	Gal 5: 16-26	___	___	___	___
Sat	1 Pet 3:15	Ef 6:10-20	___	___	___	___

Son Joh 6:35; 8:12; 10:7-9, 10; 11:25; 14:6; 15:1-8

Memoriseer: Matt 5:14-16

OBS vir week 12 - Lukas 24:36-53

Opsionele Leeswerk: Let Love Win Through You.

Persoonlike Verbintenis van ‘n 21 Eeuse Dissipels van Christus

Ek, _____ _____, neem my voor om 'n dissipel van Jesus Christus te wees. Ek begryp dat ek die keuse maak om aan myself en hierdie wêreld te sterf sodat ek waarlik in en vir Hom kan lewe, deur die krag van die Heilige Gees.[12]

As verloste sondaar behoort ek aan Jesus. Ek het Sy oproep gehoor: "volg My." Dus, deur 'n lewende geloof in Hom, het ek berou oor my sonde gehad en my lewe heeltemal aan Hom oorgegee. Hierdie voorneme beteken dat, met Sy hulp, ek myself kan verloën, die kruis opneem wat oor my pad kom en daagliks (dag vir dag) Hom volg. [13]

Ek sal Hom volg in liefde, nie uit dwang nie. Ek sal lief wees vir almal wat Hy in my lewe geplaas het en ek sal dit nastreef wat vir hulle goed is. Ek sal poog dat Sy Gees en liefde ten alle tye in my hart heers en ek sal voortgaan in enige Koninkrykswerk - bemagtig deur die liefde van Christus.[14]

Ek belowe, saam met eerste eeuse dissipels om die volgende te doen: (1) om Sy Woord te bestudeer, (2) om Sy kern leerstellings te onthou, (3) om myself oor te gee aan Hom deur Sy gebooie te gehoorsaam (4), om Sy voorbeeld te volg en (5) om ander op te lei om dieselfde te doen.[15]

Ek sal Sy groot opdrag om te gaan en dissipels te maak, gehoorsaam. Biddend, sal ek ander oproep om, soos ek, die Evangelie te glo en Jesus te volg, en saam met hulle bymekaarkom as groepe dissipels. Ander wat ek ontmoet, sal ek ook help om deel te vorm van ‘n Bybelse kerk in hul omgewing of om 'n Bybelse kerk, saam met ander dissipels, te begin.[16]

Ek sal toelaat dat die Heilige Gees my oë, hart, hande, lippe en verstand gebruik om die Vader voortdurend in gebed en lofprysing te aanbid, terwyl ek die boodskap van die evangelie van Sy seun deur woorde en liefdesdade aan ander bring.[17]

Ek sal my broers en susters in Christus vra om my teenoor my roeping verantwoordbaar te hou en ek sal dieselfde vir hulle doen. Waar en wanneer ek skuldig is aan sonde, sal ek my sonde bely, omkeer en Jesus weer volg.[18]

Al is dit afkomstig van my opregte en vreugdevolle begeerte, maak ek hierdie voorneme met totale, nederige afhanklikheid van die Heilige Gees om dit deels en as geheel te vervul.[19]

Handtekening van Dissipel: _____

Datum: _____ Getuienis: _____

---

[12] Luk 9:23-25; 1 Kor 15:31; Gal 6:14; Rom 6:8,11; 8:5-8, 12-14
[13] Rom 1:6; Joh 10:27; Luk 14:25-33
[14] Mat 22:34-40; Joh 13:34-35; Rom 13:8-10; 1 Kor 13:1-8; Gal 5:6; Ef 5:1-2; Kol 3:14
[15] Mat 28:20; Joh 8:31-32; 14:26; 15:7-8; 2 Kor 10:5; Kol 3:16; Mat 10:24; 23:8-10; Luk 6:40; 1 Kor 11:1; 1 Pet 2:21; Mat 28:18-20; Fil 3:17; 1 Tes 1:6; 2 Tes 3:7,14; 2 Tim 2:2
[16] Joh 20:19-21; 1 Kor 4:16-17; Hand 2:41; 6:1
[17] Luk 24:49; Hand 1:8; Gal 5:16-26; Ef 4:30; 5:18; Rom 12:1-2; Heb 13:15; Mat 5:`14-16; Mark 16:15 Hand 8:4
[18] Mat 18:15-20; Joh 20:22; Jak 5:16; 1 Joh 1:5-10
[19] Rom 12:9; Fil 4:4; Jak 4:6-7; Joh 7:37-39; 15:5; Luk 11:13; Rom 8:13; 2 Kor 3:6; Gal 5:16

Hoekom baie Christene se Gebede nie beantwoord word nie

Die belofte wat Jesus	**Die konteks van Dissipelskap**
1. Mattheus 7:7-11	1. Mattheus 5:1
2. Mattheus 18:19	2. Mattheus 18:1
3. Mattheus 21:22	3. Mattheus 21:20
4. Markus 11:24	4. Markus 11:14
5. Lukas 11:9-13	5. Lukas 11:1
6. Johannes 14:13	6. Johannes 13:5, 22, 35
7. Johannes 14:14	7. Johannes 13:5, 22, 35
8. Johannes 15:7	8. Johannes 15:8
9. Johannes 15:16	9. Johannes 15:8
10. Johannes 16:23	10. Johannes 16:17
11. Johannes 16:24	11. Johannes 16:17
12. Johannes 16:27	12. Johannes 16:17, 29

Die bogenoemde beloftes van die krag van gebed, is almal deur Jesus aan S dissipels gemaak. Dit was nie gemaak aan almal wat die Bybel lees of aan almal wat kerk toe gaan of aan almal wat in 'n Christelike huis grootgeword het of aan alle Christelike leiers nie. Een van die redes waarom ek *Are you a Christian or a Disciple?* geskryf het, was om baie Christelike lesers te oortuig dat hulle nie toegewyde dissipels van Jesus is nie. Ek wil graag vir jou 'n gratis e-kopie van hierdie boek stuur as jy buite die VSA woon. In die VSA kan jy jou kopie deur amazon.com bestel - Dr Ed Gross.